

Raad en Advies vanaf die ICO Kantoor insake die COVID-19

16 Maart 2020

Sondag 15 Maart het die regering tydens 'n perskonferensie sekere maatreëls afgekondig in 'n poging om die verspreiding van die COVID-19 te bekamp.

Hierdie noodsaaklike maatreëls, moet alhoewel die getal besmette persone in SA steeds klein is, gerespekteer word. Dit veroorsaak ongerief in baie sektore van die land waaronder die onderwys slegs een sektor is.

Aangesien daar tans geen entstof teen hierdie virus is nie, is die beste manier om die verspreiding te keer deur kontak tussen mense te verminder

Die volgende sake raak alle skole onmiddellik en meeste skole het ook reeds hul ouers hieroor ingelig.

1. Die skool sluit aan die einde van die skooldag van Dinsdag 17 Maart en heropen eers weer 14 April. Die minister het aangekondig dat die sluitingsdatum 'n fout was en dat dit eintlik Woensdag moet wees. Ons advies is hou by die reëling soos aan die ouers deurgegee, moet hulle nie verder verwar nie.
2. Alle skooluitstappies, toere, sportbyeenkomste ens. word opgeskort tot verdere kennisgewing. Ons besef dit veroorsaak hartseer en ongerief, maar ons moet in hierdie geval mekaar ondersteun en saamstaan.
3. Vergewis u asb van die nodige inligting op die webtuiste van die NIOS (Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes www.nicd.ac.za) Onthou hierdie is 'n aanmeldbare siekte.
4. Die vroeë sluit van die skole sowel as die later open beteken nie regtig dat die vakansie langer is nie. Alle verlore onderrigtyd sal ingehaal moet word. Die DBO is baie optimisties dat die situasie teen die wintervakansie onder beheer sal wees. Ons bede is ook dat die Here dit so mag gee. Verdere advies is om liewers dadelik te probeer wegspring met alternatiewe onderrig vanaf 31 Maart.
5. Dit is nou die tyd vir u as personeel om oor kreatiewe strategieë te besin om te sorg dat onderrig wel kan voortgaan. Die ICO skole is nie groot nie, meeste ouers beskik oor internet tuis en onderwysers kan dmv e-pos kommunikasie werksvle, opdragte ens versprei.
6. Daar is baie goeie aanlyn platforms wat gedeel kan word waaronder die Wolkskool van die Skole Ondersteuningsentrum ook een is <https://wolkskool.co.za/>. Maak asb gebruik van hierdie platforms
7. Vind ook hierby aangeheg 'n skakel wat verskeie platforms deel. <https://www.facebook.com/271244016671651/posts/834242473705133/> Gaan kyk op *Whiteabbey Primary School* se facebook bladsy vir die plasing van aanlyn onderrig.

Hoofkantoor

Posbus 21120, Totiusdal, 0134 | Starkeylaan 1249, Waverley, Pretoria, 0186
E: saskiameijer@ico.org.za | S: 082 491 4965



INSTITUUT VIR
CHRISTELIKE ONDERWYS
AKSIE REFORMATOERIESE SKOOLONDERWYS

Dit is nie 'n SA bladsy nie, maar ek dink daar is tog nuttige skakels. Ek het die plasing ook op ICO se *facebook* bladsy gedeel. Myklaskamer.com het ook oulike inligting gedeel.

8. Wat nasorgsentrums en dagsorg betref is dit regtig 'n moeilike situasie. Ons beveel aan om waar 'n ouer dalk vanaf die huis kan werk dit so aangemoedig moet word sodat daar ten minste volwasse toesig oor die kinders is. By ons eie ICO kantoor het Annelieke Visser sowel as Marlize Rossouw met hierdie uitdaging te kampe en sal hulle tussen die huis en kantoor die werk afhandel. Ongelukkig is ouers wat werksaam is in die mediese sektor veral uitgelewer aan die behoefte van die nodige dagsorg vir hul kinders. Onderwysers sowel as medici vervul 'n onmisbare diensrol in die samelewing in hierdie situasie. Laat ons mekaar dus help om planne te maak.
9. Moedig asb ook u ouers aan om NIE die kinders toe te laat om na winkelsentrums, fliks en ander vermaak te gaan waar daar baie mense is nie. Dan dien die hele punt van die vroeë skoolsluitings geen doel nie.
10. Baie belangrik, hierdie sal waarskynlik ook 'n invloed op die **ICO seminaar** hê. Indien die skole op 'n ander datum heropen na die Junie vakansie sal ons datum ook verskuif. Indien die virus-situasie nie onder beheer is nie sal die seminaar vir die eerste keer in baie jare nie kan plaasvind nie. Ons hou u op hoogte.
11. Ongelukkig moes ek ook alle kursusse wat vir April geskeduleer is herskeduleer. Dit beteken daar is nie meer genoeg tyd om die beloofde skoolbesoeke in die tweede kwartaal te doen nie. Dit word nou geskuif na die derde kwartaal.
12. Tot dusver is daar nog geen amptelike skrywes vanaf die DBO, SAOU of FEDSAS nie. Sodra ons ook van die amptelike skrywes ontvang sal ons dit met die ICO skole deel. Hierdie amptelike skrywes sal waarskynlik meer lig werp op die wetlike aspekte.

'n Laaste gedagte vanaf ons kant:

Elke haar op ons hoof is getel, God is ook in beheer vir wat vir ons mense lyk asof dit 'n hooplose situasie is. Ons word opgeroep om God om genade te bid vir ons gesinne, ons skole, ons leerlinge, ons onderwysers, ons land, maar ook vir dit wat wêreldwyd gebeur. Om hierdie situasie ook in geloof te dra beteken ook dat ons alles menslik moontlik sal doen om onself sowel as ons naaste te beskerm teen die opdoen van hierdie virus. Dit beteken ons sal ons onderwerp aan die maatreëls sowel as aan die basiese higiëne voorskrifte.

As gelowiges is ons nie bevrees nie, ons weet, net soos ons hare getel is, so is ook ons dae hier op aarde reeds in Sy boek opgeskryf. Ons moet steeds, al wil al die ontwrigting en onsekerhede ons oorweldig, in verantwoording tot ons hemelse Vader sowel as my naaste optree en my daaglikse take verrig sover as wat dit vir ons menslik moontlik is.

Baie sterkte vir die uitvoer van julle taak.

Vriendelike groete

Saskia Meijer